

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS

Proudly South African



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JUNIE EKSAMEN GRAAD 12

2025

GEOGRAFIE
(VRAESTEL 1)

GEOGRAFIE V1



C2781A

TYD: 3 uur

PUNTE: 150

20 bladsye

X05





INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A:

VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER (60)

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE (60)

AFDELING B:

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.
3. Alle diagramme is in die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag bo-aan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. MOENIE in die kantlyn van die ANTWOORDBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLLE SINNE, behalwe wanneer jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.

SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B


14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2821AD UPINGTON en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 2821 AD 16 & 21 UPINGTON word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.
17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.



AFDELING A: KLIMAAT EN WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.8 A.

Verwys na die stedelike hitte-eiland-isotermkaart hieronder om VRAAG 1.1.1 tot 1.1.4 te beantwoord.



[Aangepas uit Die Verenigde State se Omgewingsbeskermingsagentskap]



- 1.1.1 Die temperatuurspeling tussen die middestad en die landelike gebied is:
- A 2 °C
 - B 3 °C
 - C 4 °C
 - D 5 °C
- 1.1.2 ... verhoog die oppervlakte vir die absorpsie van sonstraling en beperk die verkoelende effek van wind in die SSK.
- A Motorvoertuie
 - B Teerpaaië
 - C Hoë geboue
 - D Natuurlike oppervlaktes
- 1.1.3 Landelike gebiede het laer temperature omdat hulle 'n ... albedo en ... watermassas as stedelike gebiede het.
- (i) hoër
 - (ii) laer
 - (iii) minder
 - (iv) meer
- A (i) en (iii)
 - B (ii) en (iii)
 - C (i) en (iv)
 - D (ii) en (iv)
- 1.1.4 Voorstedelike gebiede is koeler as die SSK omdat hulle ... kunsmatige oppervlaktes en ... evapotranspirasie het.
- (i) minder
 - (ii) meer
 - (iii) hoër
 - (iv) laer
- A (i) en (iv)
 - B (ii) en (iii)
 - C (i) en (iii)
 - D (ii) en (iv)



Verwys na die foto van 'n besoedelingskoepel oor Johannesburg hieronder om VRAAG 1.1.5 tot 1.1.7 te beantwoord.






[Bron: *Joburgetc.com*]

- 1.1.5 Die foto verteenwoordig 'n besoedelingskoepel tydens 'n ...
- A nag in die somer.
 - B nag in die winter.
 - C dag in die winter.
 - D dag in die somer.
- 1.1.6 In die foto is besoedelingstowwe gekonsentreer ... die Aarde se oppervlak as gevolg van 'n ... in die bolug.
- (i) verder van
 - (ii) nader aan
 - (iii) laagdrukseel
 - (iv) hoogdrukseel
- A (i) en (iv)
 - B (ii) en (iii)
 - C (i) en (iii)
 - D (ii) en (iv)
- 1.1.7 Besoedelingstowwe, in die besoedelingskoepel, meng met stralingsmis om ... te vorm.
- A suurreën
 - B rookmis
 - C mis
 - D adveksiemis

(7 x 1) (7)


- 1.2 Kies die korrekte term/konsep oor valleiklimaat in KOLOM B wat ooreenstem met die beskrywings/stellings in KOLOM A. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK, neer, bv. 1.2.9 Y.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Hierdie helling is geskik vir bosbou in die Suidelike Halfrond.	Y	Noordwaarts
		Z	Suidwaarts
1.2.2	Hierdie neerslag vorm wanneer die temperatuur in die vallei bo vriespunt is.	Y	Dou
		Z	Ryp
1.2.3	Dit vang besoedeling in die vallei vas gedurende die nag.	Y	Termiese gordel
		Z	Inversielaag
1.2.4	Die neerslag wat boerderyprodukte sal beïnvloed.	Y	Ryp
		Z	Mis
1.2.5	Vorm wanneer lug afkoel tot doupunt as gevolg van aardstraling.	Y	Rypholte
		Z	Stralingmis
1.2.6	Mense wat op die valleihange woon, ervaar hierdie wind gedurende die dag.	Y	Katabatiese wind
		Z	Anabatiese wind
1.2.7	'n Wind wat gedurende die nag in 'n vallei ontwikkel.	Y	
		Z	
1.2.8	Huise word op hierdie plek gebou om elektrisiteitrekening te verlaag.	Y	
		Z	

(8 x 1)

(8)

1.3 Verwys na die sinoptiese weerkaart hieronder oor middelbreedte siklone.



[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdienste]

- 1.3.1 Wat noem ons 'n reeks opeenvolgende middelbreedte-siklone? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Benoem front **A** en sektor **B** op die sinoptiese weerkaart. (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Watter invloed het die Suid-Indiese Antisikloon, soos aangedui op die sinoptiese weerkaart, op die pad wat middelbreedte-siklone volg? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Die middelbreedtesikloon by **C** is in die koue okklusiestadium. Teken 'n benoemde deursneeskets by **C** op die sinoptiese weerkaart. Punte sal toegeken word vir die volgende:
- (a) Dwarssnit (1 x 1) (1)
 - (b) Koue lug (1 x 1) (1)
 - (c) Koel lug (1 x 1) (1)
 - (d) Warm sektor (1 x 1) (1)
- 1.3.5 Verklaar die ontwikkeling van die weer wat Kaapstad op 3 Julie 2024 ervaar het. (3 x 2) (6)

- 1.4 Verwys na die infografika hieronder oor die Tropiese Sikloon Gamane.

PAD GENEEM DEUR TROPIESE SIKLOON GAMANE



[Bron: GDACS, METEO Madagascar]

Die Tropiese Sikloon (TC) Gamane het op 27 Maart in die Ampisikinana-gemeenskap, Sava-streek, aan land gekom wat swaar reën en vloede na die noorde en noordooste gebring het. Die negende tropiese depressiestelsel van die huidige sikloonseisoen het op 25 Maart langs die noordoostelike kus van Madagaskar begin ontwikkel. Sommige distrikte in die noordooste het die afgelope paar dae groot reënval ontvang. Die Sambava-distrik het net op 26 Maart 300 mm reën aangeteken. Op 27 Maart het Madagaskar 'n rooi waarskuwing uitgereik vir dreigende gevaar in die Diana- en Sava-streke; en 'n geel waarskuwing van bedreiging in die Ambatosoa- en Analanjirofo-streke.

[Aangepas uit VN-kantoor vir die koördinering van humanitêre sake, verkrygbaar op 19 November 2024]

- 1.4.1 Hoeveel tropiese siklone het voor Tropiese Sikloon Gamane ontwikkel? (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Wanneer het Tropiese Sikloon Gamane die land bereik, volgens die infografika? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Beskryf die algemene rigting wat deur Tropiese Sikloon Gamane gevolg is. (1 x 1) (1)
- 1.4.4 Bespreek die negatiewe omgewingsimpak (natuurlike impak) van Tropiese Sikloon Gamane op die kusstreke wat in die gevallestudie genoem word. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarom Madagaskar steeds kwesbaar is vir die gevolge van tropiese siklone, ten spyte van groot verbetering in vroeë waarskuwingstelsels en ramphulpprogramme. (4 x 2) (8)

- 1.5 Bestudeer die volgende diagram en gevallestudie oor bergwinde.

SAWD WAARSKUWING VIR DURBAN


Durban – 4 Augustus 2024

Nhlanhla Sithole, 'n weervoorspeller van die Suid-Afrikaanse Weerdiens (SAWD), voorspel dat die provinsie Sondag skadelike binnelandse winde kan ervaar. 'n Geel vlak 2-waarskuwing is uitgereik, weens 'n kouefront wat oor die suidelike binneland van die land beweeg.

“Voor die kouefront het ons noordwestelike bergwinde. Hierdie winde lei tot warmer temperature, veral oor die sentrale en oostelike dele van die provinsie. As gevolg van hierdie sterk winde en warm temperature, is 'n BGI (Brand Gevaar Indeks) waarskuwing ook vir Sondag uitgereik.”

[Aangepas vanaf <https://www.iol.co.za/dailynews/news/immediate-warning-of-extreme-heat-and-elevated-fire-risk-across-kzn-3d15d9db-86f1-4d58-a085-167a03c648ac>]

VEREENVOUDIGDE WEERKAART



[Bron: Eksaminator se eie skets]


- 1.5.1 Definieer die konsep *bergwind*. (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Volgens die weerkaart, watter TWEE lugdrukselle is verantwoordelik vir die voorkoms van bergwinde? (2 x 1) (2)
- 1.5.3 'n Bergwind is 'n (aanlandige/aflandige) wind wat ontwikkel as gevolg van die lugsirkulasie in die drukselle wat in VRAAG 1.5.2 geïdentifiseer is. (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse Weerdiens 'n Brandgevaar-indeks op 4 Augustus 2024 uitgereik het. (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Stel strategieë voor wat die plaaslike regering kan implementeer om die impak van bergwinde op die natuurlike omgewing van die kusstreke van KwaZulu-Natal te verminder. (3 x 2) (6)

[60]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE

2.1 Verwys na die diagram hieronder oor stroomroof.

Lees die volgende stellings en kies die toepaslike letter/woord tussen hakies om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die korrekte letter/woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer. bv. 2.1.8 H.




[Aangepas uit <https://digitalteachers.co.ug/river-capture-meaning/>]

- 2.1.1 Rivier **F** is die (geroofde/roof) stroom.
- 2.1.2 (Terugwaartse/Sywaartse) erosie is dominant by **D**.
- 2.1.3 Die roofelmbog sal heel waarskynlik by (**E/C**) plaasvind.
- 2.1.4 'n Windgaping sal heel waarskynlik by (**E/A**) ontwikkel.
- 2.1.5 'n Verarmde stroom sal in rivier (**F/G**) vorm.
- 2.1.6 Nadat stroomroof plaasvind, sal (erosie/afsetting) by **A** toeneem.
- 2.1.7 Die snelheid van rivier **G** sal (toeneem/afneem) by **B** na stroomroof.
(7 x 1) (7)

2.2 Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.9 A.

2.2.1 Die water wat by **X** in die skets hieronder, vloei word beskryf as ... vloei.



[Aangepas uit <https://www.researchgate.net/figure>]

- A plaat
- B basis
- C laminêre
- D kanaal


2.2.2 Die kenmerk by **A** in die onderstaande foto dui 'n ... aan.



[Aangepas uit <https://stock.adobe.com/za/search/images?k=river>]

- A gevlegte stroom
- B sytak
- C samevloeiing
- D tussenloop

Verwys na die diagram hieronder om VRAAG 2.2.3 en 2.2.4 te beantwoord.



[Aangepas uit <https://speedeck.uk/news/>]

2.2.3 ... word deur die boorgat in die skets onttrek.


- A Afloopwater
- B Grondwater
- C Plaatvloei
- D Kanaalvloei

2.2.4 Die vlak van die watertafel sal ... by **A** wees as gevolg van die ... van plantegroei bedekking.

- (i) hoër
- (ii) laer
- (iii) teenwoordigheid
- (iv) afwesigheid

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

2.2.5 Die skets hieronder toon 'n ... rivierprofiel.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

- A dwars
- B universele
- C longitudinale
- D breedtegraad

2.2.6 Die dominante fluviale proses in die bloop van die rivier is ...

- A afsetting.
- B sultasie.
- C erosie.
- D abrasie.

2.2.7 Die teenwoordigheid van 'n ... in die rivierprofiel dui aan dat hierdie rivier ongegradeer is.




[Aangepas uit <https://www.coolgeography.co.uk/A-level/AQA/Year%2012/Rivers>]

- A mond
- B bron
- C delta
- D meer

2.2.8 Die teenwoordigheid van 'n knakpuntwaterval in 'n rivierloop dui daarop dat ... plaasgevind het.

- A onderkerwing
- B abstraksie
- C vernuwing
- D afsetting


2.3 Verwys na die volgende diagramme wat verskillende dreineringsbekkens toon.



[Aangepas uit <https://sageography.co.za/wiki/grade-12-caps/geomorphology/drainage-systems-in-south-africa/drainage-patterns/>]

- 2.3.1 Noem die dreineringspatroon wat in dreineringsbekken **A** sigbaar is. (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Noem EEN kenmerk van die dreineringspatroon wat in dreineringsbekken **A** sigbaar is. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Beskryf die onderliggende rotsstruktuur wat die ontwikkeling van die dreineringspatroon in dreineringsbekken **A** beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Vergelyk die dreineringsdigtheid van dreineringsbekkens **A** en **B**. (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Bespreek hoe plantegroei bydra tot 'n laer dreineringsdigtheid in 'n dreineringsbekken. (3 x 2) (6)

2.4 Verwys na die diagram van 'n meander (rivierkronkel) hieronder.



[Aangepas uit https://link.springer.com/chapter/10.1007/978-3-642-52338-0_34]

- 2.4.1 Benoem die loop van die rivier waar 'n rivierkronkel gewoonlik sou vorm. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Teken 'n benoemde dwarsdeursnit van die meanderboog langs lyn **A – B**. Punte sal vir die volgende toegeken word:
- (a) Deursneeskets (1 x 1) (1)
 - (b) Glyoewer (1 x 1) (1)
 - (c) Stootoewer (1 x 1) (1)
 - (d) Oppervlakte van die vinnigste stroomvloei (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Verduidelik hoe die voortgesette erosie- en afsettingsprosesse in die meanderboog tot die ontwikkeling van 'n hoefystermeer by **C** sal lei. (3 x 2) (6)
- 2.4.4 'n Ontwikkelaar het gekies om 'n vakansieoord by area **D** te bou. Verduidelik waarom hierdie keuse van terrein 'n gunstige (goeie) plek vir konstruksie is. (2 x 2) (4)



2.5 Verwys na die volgende uittreksel oor rivierbestuur.

DWS OPEN AMPTELIK DIE BOOTSEISOEN OP DIE VAALRIVIER

Die DWS het die bootseisoen op Saterdag 7 September 2024 amptelik op die Vaalrivier geopen. Hierdie gebeurtenis was 'n belangrike prestasie in die stryd teen indringer (uitheemse) waterplante wat die rivier beskadig het.

Die Vaalrivier is etlike maande lank geteister deur die vinnige verspreiding van waterblaarslaai en waterhiasinte. Hierdie indringerspesies het groot dele van die rivier oorgeneem en die inheemse plant- en dierelewe verstik. Die situasie is vererger deur hoë vlakke van besoedeling in die opvangsgebied, wat die groei van hierdie plante versnel het.

Die DWS het die erns van die probleem erken en opgetree om die probleem aan te spreek. Deur gesamentlike pogings is die waterblaarslaai en waterhiasinte suksesvol verwyder, sodat die rivier die herstelproses kon begin.

Deur 'n proaktiewe benadering te volg, hoop die DWS om toekomstige besmettings te voorkom en die gesondheid van die rivier te beskerm.

[Aangepas uit <https://www.dws.gov.za/Communications/PressReleases/2024>]

- 2.5.1 Wat is *rivierbestuur*? (1 x 2) (2)
- 2.5.2 Waarvoor staan die afkorting *DWS* ? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Verskaf 'n aanhaling uit die uittreksel wat wys hoe waterblaarslaai en waterhiasinte die Vaalrivier-ekosisteem ontwig het. (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Verduidelik waarom dit belangrik is om die gesondheid van die Vaalrivier vir Gauteng te verseker. (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Stel in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls maatreëls voor wat die DWS kan implementeer om die toekomstige gesondheid van die Vaalrivier te verseker. (4 x 2) (8)

[60]

TOTAAL AFDELING A: 120



AFDELING B**VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****ALGEMENE INLIGTING OOR UPINGTON**

Koördinate: 28,45°S; 21.25°O

Upington is 'n dorp geleë in die Noord-Kaap provinsie van Suid-Afrika, aan die oewer van die Oranjerivier. Dit sit op 'n hoogte van 835 meter bo seespieël. Upington is die naaste groot sentrum aan die Augrabies-waterval (waarskynlik die grootste van die Suid-Afrikaanse watervalle) en die Kgalagadi-oorgrenspark. Die landskap is baie droog, maar die grond is vrugbaar sodat gewasse soos vrugte in besproeiingslande verbou kan word. Upington het 'n warm woestynklimaat met lang, warm somers en kort, matige winters. Neerslag bereik 'n hoogtepunt gedurende die laat somer.

[Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Upington#Geography_and_climate]

ENGLISH

Rifle range
Sewage works
Furrow
Canal

AFRIKAANS

Skietbaan
Rioolwerke
Voor
Kanaal



3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Die kontoerinterval op die topografiese kaart is ...

- A 5 m.
- B 10 m.
- C 15 m.
- D 20 m.

(1 x 1) (1)

3.1.2 Upton is geleë in die ... provinsie, wat 'n ... klimaat het.

- (i) Wes-Kaap
- (ii) Noord-Kaap
- (iii) woestynagtige
- (iv) subtropiese

- A (i) en (iii)
- B (ii) en (iii)
- C (ii) en (iv)
- D (iii) en (iv)

(1 x 1) (1)

3.1.3 Identifiseer die kaart wat wes van 2821 AD geleë is.

(1 x 1) (1)

3.1.4 Verwys na die ortofotokaart.

Bereken die oppervlakte van die ontspanningsgrond wat aangedui word as **6** in blokke **A3/A4** en **B3/B4**, in meter. Gebruik die volgende inligting: Breedte is 80 m.

Formule: **Lengte x Breedte**

(3 x 1) (3)

3.1.5 Verwys na die topografiese kaart.

Bereken die gradiënt vanaf hoogtepunt **815** in blok **C4** tot trigonometriese stasie **71** in blok **D5**. Gebruik die volgende inligting: Hoogtemeting is 24,2m.

Formule: $\frac{\text{Vertikale interval (VI)}}{\text{Horisontale afstand (HE)}}$

(3 x 1) (3)

3.1.6 Verwys na die gebied tussen kolhoogte **815** (blok **C4**) tot by trigonometriese stasie **71** (blok **D5**).

Die gebied is ongeskik vir gewasboerdery. Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart om hierdie stelling te ondersteun.

(1 x 1) (1)





3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na die topografiese kaart.

- 3.2.1 (a) Die temperature by die beboude gebied in blok **B1** is warmer as die omliggende plattelandse gebiede in blok **D3**. Die konsep wat hierdie verskynsel beskryf, is ...

- A besoedelingskoepel.
- B stedelike profiel.
- C stedelike hitte-eiland.
- D temperatuur inversie.

(1 x 1) (1)

- (b) 'n Oplossing vir hierdie verskynsel, antwoord op VRAAG 3.2.1 (a), is om meer groengordels in hierdie beboude gebied te skep.

Definieer die konsep *groengordel*.

(1 x 2) (2)

- (c) Lewer bewyse van groengordels in blok **B1**.

(1 x 1) (1)

- 3.2.2 Verwys na blok **C4** en blok **D4** op die topografiese kaart.

- (a) Bereken die stroomorde by **X** in blok **D4**.

(1 x 2) (2)

- (b) Waar is die dreineringsdigtheid hoër, in blok **C4** of in blok **D4**?

(1 x 1) (1)

- 3.2.3 Verwys na die ortofoto en topografiese kaart.

- (a) Die stroomkanaal wat tussen **7** in blok **D1** en **8** in blok **E2** vloei, is gevleg. Verskaf bewyse van die ortofoto om hierdie stelling te regverdig.

(1 x 2) (2)

- (b) Wat is die naam van hierdie gevlegte stroom?

(1 x 1) (1)

- (c) Verduidelik met bewyse, die hoofrede vir die ontwikkeling van die gevlegte stroom wat in VRAAG 3.2.3 (a) geïdentifiseer is.

(1 x 2) (2)





3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

3.3.1 Kies die korrekte opsie om hierdie stellings waar te maak.

- (a) Daar word ook na beskrywende data op 'n kaart verwys as (ruimtelike data/attribute data). (1 x 1) (1)
- (b) (Datamanipulasie/Data-integrasie) behels die kombinasie van data uit verskillende bronne om 'n meer omvattende siening te skep. (1 x 1) (1)

3.3.2 Verwys na blok **C5** op die topografiese kaart en identifiseer die volgende kenmerke:

- (a) 'n Natuurlike lyn (water) kenmerk (1 x 1) (1)
- (b) 'n Mensgemaakte poligoonfunksie (1 x 1) (1)
- (c) 'n Puntkenmerk (1 x 1) (1)

3.3.3 (a) Verwys na die stelling hieronder oor die Oranjerivier, geleë in blok **B4** op die topografiese kaart.

Bufferskepping is waarneembaar aan weerskante van die Oranjerivier. Definieer die konsep *buffering*. (1 x 2) (2)

- (b) Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart dat bufferskepping aan weerskante van die Oranjerivier in blok **B4** plaasvind. (1 x 1) (1)

TOTAAL AFDELING B: 30

TOTAAL: 150

